


# Week 4: Galasiërs 5:1-26

**Kyk na hierdie 2 you tube videos oor perdry:** Watter lesse is daar te leer? Watter basiese perdry-reëls gaan jou help om nie afgegooi te word nie? Vertel mekaar julle hardste *(af)**val-stories***.
**https://www.youtube.com/watch?v=RUD8IlKCHns** **https://www.youtube.com/watch?v=YBCZIsuedTU**

**Lees: Galasiërs 5:1-26 -** Wat tref jou dadelik as jy hierdie gedeelte lees oor die saak van vry-word?

- **In hierdie gedeelte is daar 3 beelde (+ nog een) om die saak van vryheid te verduidelik.** Wat kan elke beeld vir ons leer as dit gaan oor die saak van vryheid vir gelowiges?
    - **v 1 – "Staan vas** in hierdie vryheid..." *Beeld van 'n soldaat wat wagstaan*
    - **v 13 – "**moet net nie **julle vryheid misbruik** as verskoning om sonde te doen nie...**"** (in Grieks staan daar letterlik: ***Moenie jou sonde vrye teuels gee nie***)*- Beeld van perdruiter wat nie sy perd goed vashou nie*
    - **v 18 –** "...as julle julle **deur die Gees laat lei**..." *– Beeld van iemand wat 'n blinde lei*

- **Die vierde beeld kry ons in v 9** "'n Bietjie suurdeeg deurtrek die hele deeg." **Hoe kan hierdie beeld van suurdeeg ons help om die Heilige Gees se werking in ons lewens te verstaan?**
    - In watter mate kan dit ook waar wees van sonde in ons lewens?

- **As dit gaan oor die saak van vry word en vry bly is dit soms vir ons frustrerend dat ons praat oor geloof en God vertrou vir vry word, want soms dink ons dit beteken dat ons nou niks moet of kan doen om vry te word en te bly nie. Paulus verklaar 2 maal dat daar tog iets is wat ons kan doen.** *(Onthou hy is baie duidelik daaroor dat godsdienstige reëls en rituele en gebruike jou nie gaan vrymaak nie – v 2-4 en hoofstuk 1-4!)***.**
    - **Wat sê Paulus kan ons doen** om vry te bly in **v 6, 13-14?**
    - Hoe gaan dit ons help om vry te bly?

- **Watter waarskuwings kry ons hier as ons** *"die wilde perd van sonde" vrye teuels gaan gee en die "sonde-suurdeg" gaan toelaat om te groei?* **Kyk na v 17-21.**

- **Watter belofte en uitdaging is daar** *as ons die Gees gaan toelaat om ons te lei en die Gees-suurdeeg gaan laat groei?* **Kyk na v 16, 22-25.**